

BUITENGEWONE

# OFFISIËLE KOERANT

VAN SUIDWES-AFRIKA

# OFFICIAL GAZETTE

EXTRAORDINARY



OF SOUTH WEST AFRICA

UITGAWE OP GESAG

PUBLISHED BY AUTHORITY

10c

Vrydag 4 Augustus 1978

WINDHOEK

Friday 4 August 1978

No. 3805

## INHOUD:

## CONTENTS:

PROKLAMASIE:	Bladsy
No. AG. 54 Proklamasie op Burgerlike Beskerming, 1978 .....	1

PROCLAMATION:	Page
No. AG. 54 Civil Defence Proclamation, 1978 .....	1

## PROKLAMASIE

van die  
ADMINISTRATEUR-GENERAAL VIR DIE GE-  
BIED SUIDWES-AFRIKA

*(Deur die Staatspresident goedgekeur op 28 Julie 1978)*

No. AG. 54 1978

### PROKLAMASIE OP BURGERLIKE BESKERMING, 1978

Kragtens die bevoegdheid my verleen by Proklamasie 181 van 19 Augustus 1977, maak ek hierby die wette in die Bylae vervat.

M. T. STEYN  
Administrateur-generaal Windhoek, 31 Julie 1978

## BYLAE

### Woordomsrywings

1. In hierdie Proklamasie, tensy uit die samehang anders blyk, beteken —

- (i) "gebied" die gebied Suidwes-Afrika; (vi)
- (ii) "Minister" die Minister van Verdediging; (iii)

## PROCLAMATION

by the  
ADMINISTRATOR-GENERAL FOR THE TER-  
RITORY OF SOUTH WEST AFRICA

*(Approved by the State President on 28 July 1978)*

No. AG. 54 1978

### CIVIL DEFENCE PROCLAMATION, 1978

Under the powers vested in me by Proclamation 181 of 19 August 1977, I hereby make the laws set out in the Schedule.

M. T. STEYN  
Administrator-General Windhoek, 31 July 1978

## SCHEDULE

### Definitions

1. In this Proclamation, unless the context otherwise indicates —

- (i) "disaster" includes an act of God, the influx of refugees into the territory, or any consequences arising out of terrorism as defined in

- (iii) "noodtoestand" die toestand wat bestaan tydens —
- (a) 'n noodtoestand in artikel 2 van die Wet op Openbare Veiligheid, 1953 (Wet 3 van 1953), bedoel; of
- (b) "oorlogstyd" soos omskryf in artikel 1(1) van die Verdedigingswet, 1957 (Wet 44 van 1957); (v)
- (iv) "ramp" ook 'n natuurramp, die toestroming van uitgewekenes na die gebied of enige gevolge wat ontstaan as gevolg van terrorisme soos omskryf in die Wet op Terrorisme, 1967 (Wet 83 van 1967); (i)
- (v) "ramptoestand" 'n in artikel 2 bedoelde ramptoestand; (iv)
- (vi) "Uitvoerende Komitee" die Uitvoerende Komitee vir die gebied bedoel in artikel 4 van die Wet op die Konstitusie van Suidwes-Afrika, 1968 (Wet 39 van 1968). (ii)
- the Terrorism Act, 1967 (Act 83 of 1967); (iv)
- (ii) "Executive Committee" means the Executive Committee for the territory referred to in section 4 of the South West Africa Constitution Act, 1968 (Act 39 of 1968); (vi)
- (iii) "Minister" means the Minister of Defence; (ii)
- (iv) "state of disaster" means a state of disaster referred to in section 2; (v)
- (v) "state of emergency" means the state which exists during —
- (a) a state of emergency referred to in section 2 of the Public Safety Act, 1953 (Act 3 of 1953); or
- (b) "time of war" as defined in section 1(1) of the Defence Act, 1957 (Act 44 of 1957); (iii)
- (vi) "territory" means the territory of South West Africa. (i)

*Verklaring van ramptoestand deur Minister en tussen-tydse optrede deur Uitvoerende Komitee*

2. (1) Indien dit te eniger tyd na die mening van die Minister blyk dat enige ramp van so 'n aard en omvang is dat buitengewone maatreëls nodig is om die gebied en sy inwoners by te staan en te beskerm en om burgerlike ontwrigting te bekamp, of dat toestande waarskynlik sal ontstaan dat sodanige maatreëls nodig sal wees, kan hy, op die wyse wat hy dienstig ag, verklaar dat daar binne 'n deur hom omskrewe gebied vanaf 'n bepaalde datum 'n ramptoestand bestaan: Met dien verstande dat indien so 'n verklaring op enige ander wyse as by kennisgewing in die *Offisiële Koerant* gedoen word, die Minister die verklaring so spoedig moontlik daarna by sodanige kennisgewing moet bevestig.

(2) Die verklaring van 'n ramptoestand bly van krag vir 'n tydperk van drie maande vanaf die datum in subartikel (1) bedoel, tensy die Minister daardie verklaring voor die verstryking van sodanige tydperk by kennisgewing in die *Offisiële Koerant* intrek: Met dien verstande dat die Minister sodanige verklaring van tyd tot tyd voor die verstryking van sodanige tydperk, of 'n verlenging daarvan, by soortgelyke kennisgewing kan verleng.

(3) Wanneer omstandighede na die oordeel van die Uitvoerende Komitee van so 'n aard is dat 'n ramptoestand ingevolge subartikel (1) afgekondig kan word of dat onmiddellike optrede nodig is om die gevolge van 'n

*Declaration of state of disaster by Minister and interim action by Executive Committee*

2. (1) If at any time in the opinion of the Minister it appears that any disaster is of such a nature and extent that extraordinary measures are necessary to assist and protect the territory and its inhabitants and to combat civil disruption, or that circumstances are likely to arise that such measures will be necessary, he may in such manner as he deems fit declare that as from a specified date a state of disaster exists within an area defined by him: Provided that if such declaration is made in any other manner than by notice in the *Official Gazette* the Minister shall as soon as possible thereafter confirm such declaration by such notice.

(2) The declaration of a state of disaster shall remain in force for a period of three months as from the date referred to in subsection (1), unless the Minister withdraws that declaration before the expiry of such period by notice in the *Official Gazette*: Provided that the Minister may from time to time by like notice extend such declaration before the expiry of such period or any extension thereof.

(3) Whenever in the opinion of the Executive Committee circumstances are such that a state of disaster may be declared in terms of subsection (1) or that immediate action is necessary to prevent or to combat

ramp te voorkom of te bekamp, kan hy in oorleg met die Minister vir 'n tydperk van hoogstens vier dae wat volg onmiddellik nadat hy kennis van sy voorneme om dit te doen in die *Offisiële Koerant* of op sodanige ander wyse as wat hy dienstig ag, gegee het, enige stappe doen wat deur hom kragtens 'n ordonnansie betreffende burgerlike beskerming gedoen sou kon word, en enige stappe aldus gedoen, word geag deur hom kragtens sodanige ordonnansie gedoen te gewees het: Met dien verstande dat wanneer na die oordeel van die Uitvoerende Komitee weens besondere omstandighede dit dringend nodig is sulks te doen, hy sodanige stappe kan doen tot tyd en wyl dit vir hom moontlik is om met die Minister oorleg te pleeg: Met dien verstande voorts dat waar die Uitvoerende Komitee stappe gedoen het sonder sodanige oorlegpleging, hy by die vroegste geleentheid aan die Minister verslag moet doen oor die stappe wat gedoen is.

*Vereistes met betrekking tot ordonnansies betreffende burgerlike beskerming*

3. (1) Geen ordonnansie betreffende burgerlike beskerming word in die Wetgewende Vergadering vir die gebied ingedien nie, behalwe na oorlegpleging tussen die Minister en die Uitvoerende Komitee en geen regulasie gemaak ingevolge sodanige ordonnansie word afgekondig sonder die voorafgaande goedkeuring van die Minister nie.

(2) In die geval van 'n botsing tussen die bepalings van 'n ordonnansie betreffende burgerlike beskerming en die bepalings van 'n regulasie uitgevaardig kragtens die Wet op Openbare Veiligheid, 1953 (Wet 3 van 1953), of die Verdedigingswet, 1957 (Wet 44 van 1957), geld die bepalings van die regulasie.

*Vergoeding ten opsigte van sekere grond, geboue en roerende goed*

4. Indien iemand ingevolge 'n ordonnansie betreffende burgerlike beskerming gelas word om vir die doeleindes van die bereiking van die oogmerke van so 'n ordonnansie die gebruik van enige gebou of grond aan 'n in die ordonnansie beoogde persoon of gesag af te staan, of om enige roerende goed wat vir die bereiking van daardie oogmerke nodig is te lewer of beskikbaar te stel, word aan so iemand dié vergoeding betaal wat die Uitvoerende Komitee bepaal: Met dien verstande dat 'n geskil met betrekking tot die bedrag van bedoelde vergoeding besleg word op 'n wyse bepaal deur so 'n ordonnansie.

*Minister kan sekere bevoegdhede en pligte oorneem*

5. (1) (a) Die Minister kan by kennisgewing op die wyse wat hy dienstig ag, vanaf 'n datum, in die mate en vir die doeleindes in daardie kennisgewing vermeld, enige bevoegdheid of plig wat deur of kragtens 'n ordonnansie betreffende burgerlike beskerming aan die een of ander persoon of gesag

the consequences of a disaster, it may in consultation with the Minister for a period not exceeding four days which follows immediately after it has given notice of its intention to do so in the *Official Gazette* or in such other manner as it deems expedient, take any steps which, under an ordinance relating to civil defence could have been taken by it, and any steps so taken shall be deemed to have been taken by it under such ordinance: Provided that whenever owing to special circumstances it is in the opinion of the Executive Committee urgently necessary to do so, it may take such steps until it is possible for it to consult with the Minister: Provided further that where the Executive Committee has taken any steps without such consultation it shall at the earliest opportunity report to the Minister on the steps taken.

*Requirements in relation to ordinances relating to civil defence*

3. (1) No ordinance relating to civil defence shall be introduced in the Legislative Assembly of the territory except after consultation between the Minister and the Executive Committee and no regulation made in terms of such ordinance shall be promulgated without the prior approval of the Minister.

(2) In the event of a conflict between the provisions of an ordinance relating to civil defence and the provisions of a regulation made under the Public Safety Act, 1953 (Act 3 of 1953), or the Defence Act, 1957 (Act 44 of 1957), the provisions of the regulation shall prevail.

*Compensation in respect of certain land, buildings and movable property*

4. If any person is in terms of any ordinance relating to civil defence directed for the purposes of achieving the objects of any such ordinance to surrender the use of any building or land to any person or authority contemplated in the ordinance, or to deliver or make available any movable property which is required for the achievement of such object, such person shall be paid such compensation as may be determined by the Executive Committee: Provided that a dispute relating to the amount of such compensation shall be settled in a manner determined by such ordinance.

*Minister may take over certain powers and duties*

5. (1) (a) The Minister may by notice in such manner as he may deem fit, from a date, to the extent and for the purposes mentioned in that notice, after consultation with the Executive Committee, take over any power or duty conferred or imposed upon any person or authority by or under any or-

verleen of opgelê word, na oorlegpleging met die Uitvoerende Komitee, oorneem: Met dien verstande dat indien sodanige kennisgewing op enige ander wyse as by kennisgewing in die *Offisiële Koerant* geskied, die Minister so spoedig moontlik daarna die inhoud van sodanige kennisgewing in die *Offisiële Koerant* moet publiseer.

- (b) So 'n kennisgewing kan met die oog op die uitoefening of verrigting van die bevoegdheid of plig waarop die kennisgewing betrekking het, aan enige persoon of gesag, enige bevoegdheid of plig verleen of opgelê sou kon word en wat na die oordeel van die Minister vir die doeltreffende uitoefening of verrigting van die bevoegdheid of plig waarop daardie kennisgewing betrekking het, nodig is.
- (c) Vir die doeleindes van die uitoefening of verrigting van 'n bevoegdheid of plig aldus oorgeneem, word 'n verwysing in so 'n ordonansie na so 'n persoon of gesag uitgelê as 'n verwysing na die Minister.

(2) Die Minister kan vir die doeleindes van die verrigting van werk wat voortspruit uit die uitoefening of uitvoering van 'n bevoegdheid of plig wat kragtens subartikel (1) oorgeneem is, die persone wat hy nodig ag, aanstel.

(3) Die Staat, die Minister of enige persoon of gesag wat 'n bevoegdheid of plig in subartikel (1) beoog, uitoefen of verrig, is nie aanspreeklik nie ten opsigte van enigiets wat te goeder trou gedoen is in verband met die uitoefening of uitvoering van 'n bevoegdheid of plig kragtens daardie subartikel oorgeneem.

(4) Die Minister kan van tyd tot tyd by dergelike kennisgewing 'n kennisgewing in subartikel (1) bedoel, wysig of intrek.

#### *Verlening van bystand in verband met burgerlike beskerming*

6. Die Minister kan —

(a) 'n lid van die Suid-Afrikaanse Weermag aansê —

- (i) om aan 'n persoon of gesag aan wie 'n bevoegdheid of plig deur of kragtens 'n ordonansie betreffende burgerlike beskerming verleen of opgelê word, in verband met die uitoefening of uitvoering van daardie bevoegdheid of plig die bystand wat die Minister bepaal, te verleen;
- (ii) om werksaamhede ingevolge so 'n ordonansie te verrig asof hulle werksaamhede is

dinance relating to civil defence: Provided that if such notice has been given in any other manner than by notice in the *Official Gazette*, the Minister shall as soon as possible thereafter publish the contents of such notice in the *Official Gazette*.

- (b) Such notice may with a view to the exercise or performance of the power or duty to which the notice relates, confer or impose on any person or authority any power or duty which could have been conferred or imposed in terms of the ordinance concerned and which in the opinion of the Minister is necessary for the effective exercise or performance of the power or duty to which such notice relates.
- (c) For the purposes of the exercise or performance of any power or duty so taken over, any reference in such an ordinance to such a person or such an authority shall be construed as a reference to the Minister.

(2) The Minister may for the purposes of the performance of any work arising from the exercise or performance of any power or duty taken over under subsection (1), appoint such persons as he may deem necessary.

(3) The State, the Minister or any person or authority which exercises or performs a power or duty contemplated in subsection (1), shall not be liable in respect of anything done in good faith in connection with the exercise or performance of a power or duty taken over under that subsection.

(4) The Minister may from time to time by like notice amend or withdraw any notice referred to in subsection (1).

#### *Rendering of assistance in connection with civil defence*

6. The Minister may —

(a) direct any member of the South African Defence Force —

- (i) to render to any person or authority upon whom a power or duty is conferred or imposed by or under an ordinance relating to civil defence in connection with the exercise or performance of such power or duty, such assistance as may be determined by the Minister;
- (ii) to perform functions in terms of such an ordinance as if they were functions which such

wat daardie lid ingevolge die Verdedigingswet, 1957 (Wet 44 van 1957), verplig kan word om te verrig;

- (iii) om die gebied se gereedheid met betrekking tot burgerlike beskerming van tyd tot tyd te evalueer en om die Uitvoerende Komitee in verband daarmee in te lig en te adviseer;
- (iv) om in samewerking met die Uitvoerende Komitee, burgerlike beskerming in die gebied te aktiveer en om alle bedrywighede in verband daarmee te koördineer;

(b) die hoof van 'n Staatsdepartement aanwys om die werksaamhede wat die Minister bepaal, te verrig of te laat verrig in verband met 'n aangeleentheid waarvoor 'n ordonnansie betreffende burgerlike beskerming voorsiening maak: Met dien verstande dat in die geval van 'n Staatsdepartement waarvan die administrasie in die gebied nie deur die Administrateur-generaal behartig word nie die hoof van so 'n Staatsdepartement aldus aangewys word na oorlegpleging met die Minister wat daardie departement administreer.

#### *Dekorasies en medaljes*

7. Die Staatspresident kan onderworpe aan die reëls wat hy dienstig ag dekorasies en medaljes, en ten opsigte van sodanige dekorasies en medaljes, balke, gespes en linte instel, wat deur hom of die Minister toegeken kan word aan 'n lid van 'n brandweer ten opsigte van sy diens as sodanige lid of aan iemand anders ten opsigte van diens ingevolge hierdie Proklamasie of 'n ordonnansie betreffende burgerlike beskerming.

#### *Onbevoegheid van persone om werksaamhede te verrig*

8. Die Administrateur-generaal kan regulasies uitvaardig betreffende die kategorieë van persone wat of die omstandighede waaronder bepaalde kategorieë van persone nie bevoeg is om enige werksaamheid waarvoor 'n ordonnansie betreffende burgerlike beskerming voorsiening maak, te verrig nie.

#### *Vergoeding ten opsigte van dood, liggaamlike besering of ongeschiktheid van sekere persone*

9. (1) Die Administrateur-generaal kan regulasies uitvaardig wat voorsiening maak vir die betaling, uit gelde vir dié doel deur hom bewillig, van vergoeding aan iemand, of die afhanklikes van iemand, wie se dood, liggaamlike besering of ongeschiktheid die gevolg is van 'n gebeurtenis wat plaasvind in die loop van die verrigting van enige werksaamheid aan so iemand opgedra ingevolge hierdie Proklamasie, 'n ordonnansie betreffende burgerlike beskerming of 'n wet kragtens so 'n ordonnansie gemaak.

member may be required to perform under the Defence Act, 1957 (Act 44 of 1957);

- (iii) to evaluate from time to time the territory's preparedness relating to civil defence and to inform and advise the Executive Committee in connection therewith;
- (iv) in collaboration with the Executive Committee to activate civil defence in the territory and to co-ordinate all activities in connection therewith;

(b) designate the head of a department of State to perform or to cause the performance of such functions as may be determined by the Minister in connection with any matter provided for in an ordinance relating to civil defence: Provided that in the case of a department of State of which the administration in the territory is not administered by the Administrator-General the head of such a department of State shall be so designated after consultation with the Minister administering that department.

#### *Decorations and medals*

7. The State President may, subject to such rules as he may deem fit, institute decorations and medals, and in respect of such decorations and medals, bars, clasps and ribbons, which may be awarded by him or the Minister to any member of a fire brigade in respect of his service as such a member, or to any other person in respect of service in terms of this Proclamation or any ordinance relating to civil defence.

#### *Persons not competent to perform functions*

8. The Administrator-General may make regulations relating to the categories of persons who or the circumstances under which particular categories of persons shall not be competent to perform any function provided for by an ordinance relating to civil defence.

#### *Compensation in respect of death, bodily injury or disablement of certain persons*

9. (1) The Administrator-General may make regulations providing for the payment, out of moneys appropriated by him for this purpose, of compensation to any person, or the dependants of any person, whose death, bodily injury or disablement results from any event occurring in the course of the performance of any function entrusted to such person in terms of this Proclamation, any ordinance relating to civil defence or any law made under such ordinance.

- (2) Regulasies in subartikel (1) vermeld —
- (a) moet —
- (i) die grondslag waarop en voorwaardes onderworpe waaraan vergoeding ingevolge die regulasies betaal moet word, bepaal;
  - (ii) die gesag wat verantwoordelik is vir die uitvoering van die regulasies bepaal;
- (b) kan, sonder om aan die algemeenheid van die bepaling van subartikel (1) af te doen —
- (i) die persone wat as afhanklikes vir die doeleindes van die regulasies beskou moet word, bepaal;
  - (ii) voorsiening maak vir hersiening en, in gepaste gevalle, die staking of vermindering van vergoeding ingevolge die regulasies betaalbaar;
  - (iii) die sessie of oordrag van of beslaglegging op enige vergoeding ingevolge die regulasies betaalbaar, of die reg op sodanige vergoeding, verbied;
  - (iv) bepaal dat enige vergoeding ingevolge die regulasies ontvang, nie deel sal uitmaak van die boedel van die ontvanger nie, indien sodanige boedel gesekwestreer sou word;
  - (v) bepaal dat indien na die oordeel van die gesag in paragraaf (a)(ii) vermeld, dit om die een of ander rede onwenslik is om die hele bedrag van enige vergoeding wat ingevolge die regulasies betaalbaar is, regstreeks aan die persoon wat daarop geregtig is, te betaal, sodanige gesag kan gelas dat daardie vergoeding, of enige gedeelte daarvan, aan iemand anders betaal word, op die voorwaardes wat betref die beheer daarvan ten bate van eersgenoemde persoon of sy afhanklikes, wat genoemde gesag bepaal;
  - (vi) voorsiening maak vir enige ander aangeleentheid wat die Administrateur-generaal goedvind om voor te skryf ten einde 'n doeltreffende uitvoering van die regulasies te verseker.
- (3) Die Staat, 'n munisipaliteit bedoel in die Munisipale Ordonnansie, 1963 (Ordonnansie 13 van 1963), 'n dorpsbestuur bedoel in die Ordonnansie op Dorpsbesture, 1963 (Ordonnansie 14 van 1963), of die Raad vir Buitestedelike Ontwikkeling ingestel deur artikel 2 van die Ordonnansie op die Raad vir Buitestedelike Ontwikkeling, 1970 (Ordonnansie 19 van 1970), is nie aanspreeklik om enige vergoeding ten opsigte van enige sterfte, liggaamlike besering of ongeskiktheid in
- (2) Regulations referred to in subsection (1) —
- (a) shall —
- (i) determine the basis upon which and the conditions subject to which compensation shall be paid in terms of the regulations;
  - (ii) determine the authority responsible for the administration of the regulations;
- (b) may, without derogating from the generality of the provisions of subsection (1) —
- (i) determine the persons who shall be regarded as dependants for the purposes of the regulations;
  - (ii) provide for the revision and, in appropriate cases, the discontinuance or reduction of any compensation payable in terms of the regulations;
  - (iii) prohibit the cession, assignment or attachment of any compensation payable in terms of the regulations, or the right to any such compensation;
  - (iv) determine that any compensation received in terms of the regulations shall not form part of the estate of the recipient, should such estate be sequestrated;
  - (v) provide that if in the opinion of the authority referred to in paragraph (a)(ii), it is for any reason undesirable to pay the whole amount of any compensation payable in terms of the regulations directly to the person entitled thereto, such authority may direct that such compensation, or any part thereof, be paid to some other person, on such conditions as to its administration for the benefit of such first-mentioned person or his dependants as such authority may determine;
  - (vi) provide for any other matter which the Administrator-General may deem fit to prescribe in order to ensure an efficient carrying out of the regulations.
- (3) The State, a municipality referred to in the Municipal Ordinance, 1963 (Ordinance 13 of 1963), a village management board referred to in the Village Management Boards Ordinance, 1963 (Ordinance 14 of 1963), or the Peri-Urban Development Board established by section 2 of the Peri-Urban Development Board Ordinance, 1970 (Ordinance 19 of 1970), shall not be liable for damages in respect of any death, bodily injury or disablement referred to in subsection (1) where provi-

subartikel (1) beoog, te betaal nie waar daar ingevolge regulasies uitgevaardig kragtens hierdie artikel voorsiening gemaak word vir vergoeding ten opsigte van sodanige sterfte, besering of ongeskiktheid.

(4) Regulasies wat kragtens subartikel (1) uitgevaardig word, kan in werking tree op 'n datum voor die datum van afkondiging daarvan.

*Uitoefening van bevoegdhede deur Minister*

10. Die Minister oefen sy bevoegdhede kragtens hierdie Proklamasie uit slegs na oorlegpleging met die Administrateur-generaal.

*Kort titel*

11. Hierdie Proklamasie heet die Proklamasie op Burgerlike Beskerming, 1978.

sion is made in terms of regulations made under this section for compensation in respect of such death, injury or disability.

(4) Regulations made under subsection (1) may come into operation on a date before the date of promulgation thereof.

*Exercise of powers by Minister*

10. The Minister shall exercise his powers under this Proclamation only after consultation with the Administrator-General.

*Short title*

11. This Proclamation shall be called the Civil Defence Proclamation, 1978.